Donderdag **2 Mei**

**Skrifgedeelte: Genesis 5:1-32**

**Fokusgedeelte: Genesis 5:21-24**

**God maak van sterwende mense hoopvolle mense!**

Hierdie hoofstuk neem ons op ’n sombere toer deur die eerste begraafplaas in die Bybel. So lees ons op die grafstene: Adam was 930 jaar, toe het hy gesterf. Set was 912 jaar en hy het gesterf. Enos was 905 jaar en hy het gesterf. Kenan was 910 en hy het gesterf … Maar, dan lees ons van Henog: Hy het naby God geleef, en toe was hy nie meer daar nie, want God het hom weggeneem.

Wat is die mens? Die mens is stof, die mens is verganklik. As gevolg van Adam en Eva se sonde is die mens ’n sterwende spesie. Maar die mens is steeds geskape na die beeld van God. Dit beteken die mens mag in ’n verhouding met God staan. Hy mag naby aan God leef. En Henog is weggeneem terwyl hy naby aan God geleef het. Henog het nie gesterf nie. Dit sê vir ons: ’n Verhouding met God, ’n naby aan God leef, hou nie op die dag as jy doodgaan nie.

Daarom is hierdie verhaal van Henog so ’n kragtige profesie van Christus. Want Christus sou kom om die dood te deurbreek, om ’n wandel met God sy volle betekenis te gee. Dit is deur Christus dat ons met God versoen is. Dis deur Christus dat ons sondes afgewas is, en dat ons deel geword het van God se volk.

Ons is sterwende mense ja, maar deur Christus het ons weer hoopvolle mense geword. Ons is God se kinders en ons sal dit altyd bly! Ons het ’n uitsig op die ewige lewe!

*Sing: Skrifberyming 2-4:1-3*

*Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)*